**Die laaste oordeel**

**Openbaring 20:11-15**

**13 Desember 2020**

1. Op 20 tot dusver: die Satan is gebind vir 1000 jaar, siele van gelowiges sit op trone in hemel, na die 1000 jaar word die Satan losgelaat.
2. Wie is dit wat oordeel? (vers 11)
    a. Wit troon dui op heiligheid (vgl Op 1:14, 14:4, 19:11)
    b. God sit op troon – Op 4, 19:4
    c. Lam is in die middel van die troon – Op 5:6, 7:17
    d. God oordeel deur Jesus – Joh 5:27, Mat 25:31 ev, 2 Kor 5:10 (vgl ook Rom 14:10)
3. Die aarde en hemel het voor Hom padgegee (vers 11)
    a. Vergelyk sewende bak (Op 16:20), sesde seël (Op 6:12-14)
    b. Komende nuwe hemel en aarde – Op 21:1, 2 Pet 3:10, Mat 19:28. Hand 3:21, Rom 8:21
4. Wie is dit wat geoordeel word? (verse 12-13)
    a. Dooies – groot en klein (vers 12), uit die see, dood en doderyk (vers 13)
    b. Kan nie die tweede dood wees nie – vers 15
    c. Moet dus die eerste dood (fisiese dood) wees – dus gelowiges en ongelowiges – Mat 25:31 ev, 2 Kor 5:10
    d. See, dood en doderyk:
        i. Dood: almal het deel aan fisiese dood (eerste dood)
        ii. Doderyk: siele van ongelowiges is daar na hulle fisiese dood (eerste dood)
        iii. See: (1) fisiese see – Op 7:1-3, 8:8-9 (2) bose magte – dier uit die see, Op 15:2, sedelose vrou (Op 17-18)
5. Die boeke wat oopgemaak word (vers 12, 15)
    a. Boeke – detail van wat dooies gedoen het – Mat 25:31 ev, 2 Kor 5:10
    b. Boek van die lewe – nie in die vuurpoel gegooi nie – Op 3:5, 17:8
6. Die dood en die doderyk is in die vuurpoel gegooi (vers 14)
    a. Reeds in vuurpoel: dier uit see, aarde (Op 19:20), duiwel (Op 20:10), mense wie se name nie in die boek van die lewe is nie (Op 20:15)
    b. Sedert sondeval is almal geestelik dood, almal sterf fisies (Gen 2:16)
    c. Jesus se eerste koms: oorwin die fisiese dood deur Sy fisiese opstanding, oorwin geestelike dood deur duiwel te bind, geregtigheid te bewerk, Heilige Gees te stuur sodat heiligmaking kan realiseer (nuwe verbond)
    d. Oorwinning realiseer tussen eerste en tweede koms:
        i. Gelowiges (boek van lewe): deel aan eerste (geestelike) opstanding (Joh 5:24), eerste (fisiese) dood, tweede (fisiese) opstanding (Joh 5:28-29), tweede dood geen effek (vers 15) – 1 Kor 15:54-55 – dus dood eindig in vuurpoel!
        ii. Ongelowiges (nie in boek van lewe nie): bly geestelik dood (nie deel aan eerste, geestelike opstanding nie), eerste (fisiese) dood, siele in die doderyk, tweede (fisiese) opstanding (Joh 5:28-29), tweede dood, vuurpoel dood.
    e. Jesus se tweede koms:
        i. Fisiese dood oorwin, geestelike dooies in vuurpoel
        ii. Doderyk as woonplek vir bose magte en siele van ongelowiges uitgedien
7. Afsluiting: Implikasie van jou naam in die boek van die lewe sedert voor die skepping